

Goeie Vrydag 2020: Die sewe kruiswoorde (Kobus Sandenbergh)

Petrus se briewe begin aan almal wat verspreid woon en dan noem hy van die verplekke waar hy gelowiges deur sy briewe wil besoek.

Ek wil jou ook graag deur hierdie uitsending bereik, julle wat in Weltevredenpark, Honeydew, Randprif en omgewing bly, maar ook almal wat land-/wêreldwyd nou by ons inskakel op hierdie unieke Goeie Vrydag. Dit is uniek, want gewoonlik is ons bymekaar vir 'n nagmaalsdiens in die kerk of vier ons dit saam met familie of vriende omdat dit 'n langnaweek is en ons uit die stadsgewoel kan ontsnap. Vanjaar is meeste van ons tuis en ons bid ook vir almal wat noodsaaklike werk moet verrig in dié uitdagende tyd. Met al die groot geleenthede wat gekanselleer is, is die goeie nuus - Goeie Vrydag word steeds wêreldwyd op 'n ander wyse gevier!

Votum:

Die bekende Geestelike lied vra hierdie vrae?

Was jy daar toe die Heer gekruisig is?

Was jy daar toe Hy wreed mishandel is?

Daar aan die kruis het Hy betaal vir al ons sonde,

Was jy daar toe die Heer gekruisig is?

Daarom bid ek:

Mag die Liefde van God die Vader

deur die Kruis van Jesus op julle skyn

en julle aangeraak word deur die Heilige Gees.

Kom ons luister en sing saam : Lied 219:1&2

Kom ons bid saam:

Here God, woorde van hoop en bemoediging,

val op dowe ore as ons harte onrustig is.

As ons kwaad is en dink hoe ons ander kan terugbetaal

vir wat hulle aan ons gedoen het.

Maar die Gees ken ons onrus en soeke, en bid saam met ons U gebed van

Getsemane, nie my wil nie, maar laat U wil geskied.

Here Jesus ons bid dat U genade vir ons genoeg sal wees

In die Corona-tyd van ontwrigting en onsekerheid.

Verseker ons asb. dat U steeds die Immanuel God, die God by ons is, veral as ons so godverlate voel.

Help ons om ander wat noodsaaklike werk verrig, opnuut te waardeer en veral hulle wat reeds siek is met die virus en ander kwale, aan U Vader op te dra.. Gee ons woorde van bemoediging en versterking .

Laat ons nooit vergeet dat U hierdie lydenspad vir ons vooruit gestap het nie en dat U dit saamstap, elke tree van die pad.

Ons bid hierdie dinge in U naam, die man van smarte, want deur U wonde het daar vir ons genesing gekom.

Amen

Inleiding:

Die geliefde liedjieskrywer en sanger, Koos Dup het jare gelede 'n lied geskryf, wat vir my gevoel so toepaslik is, vir die krisis waarin ons is. Ek weet nie of jy kan raai watter lied dit is nie, want daar is meer wat ons nou nog aanspreek, maar ek verwys na: As almal ver is

As almal ver is

Word die hart skielik oud

As die wêreld 'n ster is

Afsydig en koud

Smee die gordyne

'n Komplot teen die lig

Krimp die kosyne

En deure sluit dig

As almal ver is, vind jy jouself

Waar jy in laaie, in stil hartkamers delf

As almal ver is, vind jy jou siel

Weerloos, en eensaam, soos 'n vrou voor 'n spieël

As daar geeneen is,

Sit jy als op die skaal

Want jy weet, wat geleen is,

Word eindelijk gehaal

Dan kom die waarheid

En besweer elke leuen
Skenk jou weer klaarheid
En laat jou alleen

Op die oomblik is almal ver en voel almal ver en voel ons ook weerloos en eensaam soos 'n vrou voor 'n spieël, maar mag ons onself ook vind waar ons saam by die voet van die kruis staanEn die 7 kruiswoorde hoor wat Jesus aan die kruis uitgekreun het in sy eie alleenheid op Golgota.

Terwyl Hy sterf bid Hy sewe een-sin gebede en sedertdien het die kerk hierdie gebede saam met Hom gebid.

Laaste woorde het 'n besondere impak op die wat dit hoor, mag ons ook vandag hierdie woorde nuut hoor, woorde wat heling gebring het en die wêreldgeskiedenis herskryf het.

Nie een van die Evangelies teken al die kruiswoorde op nie, daarom gaan ek die gebede lees in die evangelie waar dit opgeteken is en dit dan verder verduidelik.

1. Luk. 23:34: Kruiswoord 1

"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"

Jesus bid tot Sy Vader en bid nie dat die engele Hom moet kom red nie, maar Hy pleit om vergifnis! Vir hulle!

Dit is die moeite werd om te vra, wie is hulle? Sommige se name ken ons uit die 12 artikels ... Jesus wat gely het onder Pontius Pilatus, hy wat sy hande in onskuld gewas het, het hy dit met 'n alkohol basis gedoen? Dat Jesus se onskuld hom nie aansteek nie, want tog veroordeel hy vir Jesus tot die dood. Dan is daar Kajafas die Hoëpriester, Judas en die ander is naamlose mense wat deel is van 'n proses, soos die soldate wat Hom gezesel het.

Jesus bid vir die hulle, hulle met name en hulle sonder name op grond daarvan dat hulle nie die groot prentjie sien nie, nie verstaan nie.

Ons is ook soms deel van die "hulle" in ander se seerkry proses. Ek is die een wat vir ander moet sê, jy het ook die virus, jy is siek of jy het nie meer werk nie, want ons

geld is op. Soms deur ons woorde wat ligweg gesê word, maak ons seer sonder om dit so te bedoel.

Daar is baie hulle's in ons lewens, onbekende mense met wie jy in kontak kom ... iemand kan jou aansteek met die virus ... sonder om te weet dat hulle dit doen. Ons elkeen kan ook 'n hulle in ander se lewens wees

Maar daar is nog iets wat die "hulle" ook nie weet nie! Dit is dat hierdie gekruisigde Jesus, God se grootste liefdesdaad is. Die kruis as 'n simbool van uitnodiging tot vergifnis en nuwe lewe.

Hy bid vir vergifnis. Hy onderskei dat die reg sy gekompliseerde pad moet loop, nie weerwraak nie, maar ongeag die pad van die reg, moet ons elkeen 'n keuse maak om vergifnis te gee en te bid vir die "hulle" in ons lewe.

Dit is nie sagte sentiment nie, maar harde evangelie waarvoor daar in pyn aan die kruis betaal is, dat ons dit saam kan bid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie".

Om goed te sterf beteken dat jy dit gebid het en God se vergifnis ervaar het.

Kom ons bid vir 'n oomblik die bede in die Ons Vader saam: Ons Vader vergewe ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen (Hulle) wat teen ons oortree

2. Die tweede Kruiswoord : Luk. 23: 42-43

Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."

Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."



As Almal ver is Vir hierdie rower is almal ver ... Want hul samelewing het op die beginsel van eer en skaamte gefunksioneer. As jy skaamte oor jou familie bring, is jy uitgeskuif ...

Maar kyk saam met my of jy hierdie teks kan sien wat hier gebeur. **Nikolai Ge**, 'n Russiese skilder, het hierdie aangrypende teks geskilder. Hy beeld die menslike Jesus uit, maar ook 'n lydende Jesus wat skaars sy oë oophou, maar 'n mens sien Jesus soos die rower hom sien: 'n vernielde, magtelose mens, saam sterwend.

Tog val daar 'n sagte, veer-grote ligglans op Jesus se voorkop. Dit neem niks weg van die lyding wat so brutaal op die doek vasgelê word nie. Maar dit is daar, die stralekrans om die voorkop. En Jesus se kop is daarom effens na regs gedraai. Dit is 'n intense gebaar: die lyding is so intens dat Jesus dit net-net regkry.

Maar "As almal ver is" vir hierdie man, sien Jesus hom raak.... kyk Jesus die rower in die oë.

En sien dit raak al met die horisontale balk van die kruis loop daar 'n heldergeel lig wat hierdie twee stukkende mense op 'n mistieke manier met mekaar verenig.

Lig, lig, is die aanraking van daardie blik van die Sterwende. En in daardie lig herken die goeie misdadiger die ontsagwekkende teenwoordigheid van God.

In ons Covid-19 se grendeltyd van angs en onsekerheid is dit dikwels net daardie een oomblik in die verhaal van ons lewe waar ons God herken op 'n verrassende wyse. Die ou Italiaanse priester wat sy ventilator weggee vir 'n jonger persoon dat die kan lewe. In so 'n die oomblik sien 'n mens goedheid - sien 'n mens die Een wat homself gee, die Een wat oorvloediglik gee. t.w.v. ander

Op Goeie Vrydag, in die teenwoordigheid van die sterwende Christus, staan 'n mens, oorweldig voor die ellendige lyding van Jesus maar ook oor die ontsagwekkende nabyheid van God.

3. Die derde Kruiswoord : Joh. 19:26-27

Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was (Johannes), wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is U seun"

Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder".

Hierdie gebed bewys die simboliek van die kruis. Jesus herstel die vertikale verhouding tussen God en mens, maar vergeet nie die horisontale naasteliefde nie. Dat Jesus self in sy diepste lyding aan sy Moeder dink en sorg dat sy versorg word. Die huidige krisis dwing families weer saam in die huis, onder huisarres om met mekaar saam te leef en nie verby mekaar te leef nie.

Die dood van 'n geliefde bring families byeen, vir ondersteuning en viering van die lewe van die geliefde.

Eugene Peterson: With these words, Jesus made his mother and his disciples mutually participants in all that is involved in his death: abandonment, forgiveness, the hope of heaven, atonement, sacrifice, pain, salvation. And it goes without saying, resurrection.

Take a good look at the one standing next to you. Get to know her, get to know him, as I Jesus, know and am known by them, as a mother knows her son, as a son knows his mother.

Jesus bring sy familie en sy dissipel-kring bymekaar...

Mag Jesus op hierdie Goeie Vrydag families en gesinne weer bymekaar bring, tyd gee om saam die lewe te vier, maar ook om baie sensitief te wees vir elkeen wat van hul families geskei is deur afstand of omstandighede. Kinders en kleinkinders wat oorsee woon en hulle wat in inrigtings, tehuise en hospitale versorg word.

Elisabeth Eybers verwoord iets hiervan in die Gedig: Maria

'n Engel het dit self gebring,
die vreugde-boodskap - en jy het
'n lofsang tot Gods eer gesing,
Maria, nooi uit Nasaret!

Maar toe Josef van jou wou skei
en bure-agterdog jou pla,
het jy kon dink, eenmaal sou hý
die hele wêreldskande dra?

Toe jy soms met 'n glimlag langs
Jou liggaam stryk ... die stilte instaar ...
wis jy met hoeveel liefde en angs
sou hý sy hellevaart aanvaar?

Die nag daar in die stal - geeneen
om in jou nood by jou te staan -
het jy geweet dat hý alléén
Getsemane sou binnegaan?

Toe vorste uit die Ooste kom
om nederig hulde te betoon,
wis jy hoe die soldate hom
as koning van die volk sou kroon?

En toe hy in jou arms lê,
sy mondjie teen jou volle bors,
het jy geweet dat hy sou sê,
toe dit te laat was: Ek het dors?

Toe dit verby was en jy met
sy vriend Johannes huis toe gaan -
Maria, vrou van smarte, het
jy tóé die boodskap goed verstaan?

4. Die vierde Kruiswoord : Matt. 27:46; Markus 15:34

"My God, My God, waarom het U my verlaat?"

Geloof laat ons nie ontsnap van die realiteit van die lewe nie, veral nie die diepte ervaring van die dood nie. Daaglik sien ons die getalle van mense wat wêreldwyd aan die virus sterf. Dit het tog 'n invloed op ons almal.

Met Aswoensdag het 2020 se lydenstyd begin, en op daardie dag is die gebruik om 'n kruis van As, op jou voorkop of hand te laat teken as simbool van die Woorde: Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer! Die herinnering aan ons eie broosheid, ons sterflikheid.

Want ons leef in 'n kultuur wat nie graag oor die dood praat nie. Covid-19 dwing ons om te praat oor ons eie geestelike worsteling, maar ook tot wie ons bid.

Dan is die dood nie soos in die tweede bedede, die verwelkoming in die paradys nie, maar die groot stilte, die niks, die sinloosheid. Dit help ons om te weet, Jesus bid dit saam met ons ... die Waarom? Die kreet van verlatenheid, van onverstaanbaarheid. Hoe fyn ons ook al luister, die antwoord eggo nie na ons toe nie, maar Jesus bid hierdie frase uit Ps. 22 wat hy as kind geleer het. Ten spyte van die waarom, spreek Hy God aan, en is hierdie nie die laaste woorde nie, maar bly Hy bid en moedig ons aan om ook so te doen...

Om sake met God uit te spook, om met God te worstel. In die Ou Testament het Abraham met Isak se offer en Jakob by die Jakob met God gespook.

Die pyn en lyding aan die kruis en hier in Getsemane is dieselfde: Naam daarvoor is: Hierdie Beker...

Richard Rohr gee aan lyding 'n interessante kleur: Daar waar jy nie in beheer is nie. Great suffering opens you in a different way. Here things happened against your will- which is what makes it suffering.

Suffering, of course can lead you in either of two directions: It can make you very bitter and close you down, or it can make you wise, compassionate and utterly open.

Godsbeeld dat God nie altyd siekte en dood verhoed nie.

Voorbeeld van Lasarus in Joh. 11 ... Dat Marta en Maria laat vir Jesus weet ... Hy vir wie u lief is, is siek ... Jesus eers na 3 dae by hulle opdaag ... die susters se beskuldiging ... Here as U hier was, sou Lasarus nie gesterf het nie. Aan die kruis word Jesus ook gespot ... ander kan Hy red ... Red jouself! ... Virusse, Kanker en dood is deel van ons aardse bestaan, maar Jesus uiter hierdie noodkreet dat ons kan weet dat god die Immanuel God is en bly. Die God met ons in watter omstandighede ook al.

Gedig:

Ecce Homo (NP van Wyk Louw)

Omdat Hy my verlaat het,
laat Hy my nooit alleen:
ek hoor ál nagte 'n asem hyg
en iets soos vroue wat sag ween.

Dan staan dit in die skemer daar:
die Bleke aan die hoë kruis,
en vul met die wete van Sy smart
my hele huis.

Ek ken Sy dors, ek ken Sy angs
(God het hom ook van my gewend);
ek kan Sy wonde met name noem,
en elke spyker is bekend:

Die Liefde skeur in elke hand,
en deur Sy voete brand die Hoon:
die Waan van Godheid is gedruk
ook in Sy hoof as doringkroon.

Sy oë staar van die kruis en berg
die heilige, ver-blou aarde deur
totdat die dood hul vul; ek hoor
uiteindelik die voorhang skeur.

Dan in die donker net die gloed
van dowwe woord se helder spot
in enkele letters bo Sy hoof:
Dit is die God en Seun van God.

5. Die vyfde Kruiswoord : Joh. 19:28

"Ek is dors"

Ons verweer ons dikwels teen foute deur te sê: Ek is ook maar net 'n mens! Jesus die mens kon ook hier aan die kruis erken. Ek is dors. Die menslikheid van Christus, na 16 uur se marteling. Iemand het dit mooi raakgesien, wiskunde en musiek is universele tale, maar ook hierdie kreet is universeel. Die taal van pyn, van smagting van verligting en hoor ons dit nie nou oor die hele wêreld nie.

Jesus bid die versugting nie in stilswye nie, maar ook nie as sy eerste woorde nie.

Ek wonder soms Verstaan God my swaarkry? Soms dink ons so verhewe aan God?? Ons dink net aan sy almag, sy alwetendheid, sy ewigheid? Ons sing: Grote God aan u die eer!!! Dit is reg en goed, maar as Jesus aan die kruis uitroep: Ek is dors bring dit ook nuwe perspektief!

'n God wat my menslikheid verstaan? My worsteling? Joh. 11 Jesus wat huil.... Hebr. 4:15 en 16

Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.

Kom ons gaan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang...

Ja, 'n Here wat weet dat ek soms dors na dinge wat nie versadig nie, dat ek in my soeke verkeerde dinge kan drink. Wyn ...verdowing..

Die simboliese hisop takkie en eksodus se paaslamdieselfde tyd op die Vrydag is die paaslammers geslag.

Mag ons ook saam dors na God se verlossing en genade...

Frederick Buchner: What is perhaps most precious about pain is that if it doesn't destroy us, it can confer on us humanity that needs no words to tell of it and that can help others become human even as they can help us. **We are never more in touch with life than when life is painful, never more in touch with hope than we are then, if only the hope of another human presence to be with us and for us.**

6. Die sesde Kruiswoord : Joh. 19:30

"Dit is volbring"

Gen. 2:1-2 Die hemel **en alles daarin is voltooi** ...op die 7 de dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus van alles wat Hy gedoen het.

Daarom sê Jesus ook in Joh. 17:4 Ek het U verheerlik op aarde deur die werk te volbring wat U my gegee het om te doen.

Die Griekse woord "Tetelestai" beteken die kwitansie as bewys dat al jou skuld betaal is. Jy is vry!

In 'n parallel daarmee roep Jesus uit ...Dit is volbring, voltooi, klaar.

Geen los drade en onsekerhede nie.

Ons kan in ons geloofsluwe moeg word en uitsak. Demas wat die teenswoordige wêreld liefgekry het. Jy is so besig met jou eie klein wêreldjie en swaarkry is gewoonlik die toets of jy bereid is om aan te hou. Ons lyding ter wille van Jesus is meestal in RSA nie liggaamlike leed wat jou aangedoen word omdat jy glo nie, maar eerder die spot vraag of jy in hierdie Here glo wat jy nie kan sien nie.

Mag hierdie bede ons ook aanspoor om die werk waarvoor God ons geroep het, te volbring sodat ons ook aan die einde van ons lewe dit sal kan sê : Dit is volbring.

7. Die laaste Kruiswoord : Luk. 23:46

"Vader, in U hande gee Ek my gees oor"

Op 'n gewone Vrydag, buite Jerusalem, het vroue gehuil en soldate rondgestaan onbewus van die groter gebeure dat die wêreldgeskiedenis op dié dag verander het. Voor Christus en ná Christus. Nooit sal gelowiges weer diere-offers vir hul sonde moet bring nie. Christus het die volmaakte offer vir ons gebring en daarom is die kruis, die kruispunt van die geskiedenis.

Op daardie oomblik bid Jesus 'n gebed van kinderlike vertrouwe. Om alles in die hande van sy Vader oor te laat, ten spyte daarvan dat sy bed nie snoesig en warm is nie, maar dat Hy naak en sterwend aan 'n kruis hang en bespot word.

Maar Jesus gee nie in nie of op nie, maar hy gee óór.

Jean Pierre Caussade gebruik die frase: abandonment to divine providence.

Oorgawe aan die Goddelike voorsienigheid.

In hierdie onsekere tye wat geeneen van ons weet hoe en wat in die volgende maande gaan gebeur nie, is dit ook 'n gebed wat ons saam kan bid: Oorgawe in kinderlike vertrouwe in die Grootheid van God.

Ek eindig weer waar ek begin het,

As almal ver is, vind jy jouself
Waar jy in laaie, in stil hartkamers delf
As almal ver is, vind jy jou siel
Weerloos, en eensaam, soos ons almal voor die spieël van God se liefde aan die Kruis van Golgota.

"Vader, in U hande gee Ek my gees oor"

Ons vier Die nagmaal

Gebed : Nagmaal IL de Villiers

Heer, was daar so 'n ligte bewing in U hande
toe U die brood gebreek het?
Evangeliese berigte is uitgesproke dat
U kalm was voor U dood
ondanks die slinkse man van Kerjot se aanwesigheid;
ook Thomas en die ander boel
wat eet en drink en van die plan van God niks weet nie.
Hoe het U gevoel?
Ek sukkel met die silwer dekseltjie
en stamp die staanders glasies effens uit hul plek.
Rooi Muskadel word uitgestort - klein ramp
en vlek die tafellaken.
Skielik sien ek U die beker gee vir iemand aan U sy,
rustig, soos Een wat weet waar Hy sy kudde lei.

Instelling

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus.

Neem, eet, dink daaraan en glo dat sy liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus.

Neem, drink, dink daaraan en glo dat sy kosbare bloed gevloei het tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

Goeie Vrydag is die enigste erediens wat nie met die seën eindig nie, maar ons verlaat Golgota in stilte, in verslaendheid van nie weet nie.

Op Stil Saterdag duur hierdie gevoel voort totdat ons saam met die vroue en die dissipels op Paasfees die oop graf ontdek.

Kom ons bid saam ... terwyl ons na die lied luister ...Lied 384 dink aan my ...en ons dan in stilte afsluit....